# JAAP ZEEMAN

## 2. Verskrikking van Suma



Frans Gericke

*Nog 'n avontuurbelaaide spanningsverhaal*

No. 2 in die JAAP ZEEMAN REEKS

# VERSKRIKKING VAN SUMA

deur

FRANS GERICKE

Uitgegee deur Sentrale Uitgewers, Pretoria.

Gedruk in die Unie van Suid-Afrika deur
R Drukkery, Paul Krugerstraat 39-43, Pretoria.

# INHOUD.


| Hoofstuk | | Bladsy. |
|---|---|---|
| 1 | Omsingel | 9 |
| 2 | Die Lyk | 15 |
| 3 | Suspisies | 23 |
| 4 | 'n Fyn Lokval | 30 |
| 5 | Die Komplot | 38 |
| 6 | Oormag Oormete. | 45 |
| 7 | Waagstuk in die Nag | 54 |
| 8 | Die Groot Slang | 62 |
| 9 | Spore in die Sand | 70 |
| 10 | 'n Geslepe Mulatto | 74 |
| 11 | Gille in die Nag | 81 |
| 12 | Die Ongeluksdag | 88 |
| 13 | In die Mag van die Bose | 96 |
| 14 | Woud van die Dood | 102 |
| 15 | Oranje-Blanje-Blou | 109 |

## Hoofstuk 1

## OMSINGEL.

„Sy is 'n seerower!"

Byna gillend kom die gevreesde aankondiging uit die swaaiende mastop van die skoener Annemarie.

Kaptein Jaap Zeeman hoor hoe dat die offisiere hier by hom op die kampanje hul asems skerp in trek. Onder van die geskutdek af, klink uitroepe op, sommiges beangs, ander uitdagend en veglustig.

Almal aan boord is op die dekke. Alle oë is gevestig op die magtige roofskip wat soos 'n reuse arend oor die kenning opklim om onder 'n berg van seildoek op die klein skoener neer te swiep. Nou sien hulle ook hoe dat die seerower haar gevreesde vlag, 'n wit skedel met doodsbeendere op 'n swart veld, ontplooi.

Jaap se oë verlaat vir 'n oomblik die seerower. Hy kyk na die groot Engelse handelskip wat, skaars 'n myl hiervandaan, ook onder volseil op die Annemarie aan vaar.

Byna twee ure gelede het Jaap-hulle die Engelsman oor die kenning sien opdoem. Hoewel die handelskip waarskynlik tweemaal soveel manne en kanonne aan boord het as die Annemarie sou Jaap haar tog graag aangedurf het. Maar hy het uitdruklike opdrag van die goewerneur aan die Kaap om onder geen omstandighede in 'n seeslag betrokke te raak nie.

Hy het die kontrak om die heer van Gaarswijck na Batavië te neem en om 'n fabelagtige skat van diamante en juwele terug te bring, alleen gekry omdat die Annemarie as een van die vinnigste skepe op see beskou word. Daarom het hy, voordat die Engelsman binne trefafstand gekom het, Noord gewend. Hy wou naamlik agter haar verby vaar.

Maar noudat die seerower uit die noordweste op die Hollandse skippie aan storm, verander die prentjies heeltemal. Nou is dit duidelik dat die Engelsman probeer om die Annemarie tussen haar en die seerower te kry. Hulle wil die skoener dus saam aanval!

„Nou is ons verlore!" klink die skril stem van die heer van Gaarswijck hier langs Jaap.

„Asseblief, u Edele!" Jaap kan die ergernis nie uit sy stem hou nie. Wat moet die uitwerking op die bemanning wees indien hul meerderes moed opgee? „Daar is nie nou tyd vir swartgalligheid nie."

Jaap gaan na die kampanje-reeling. Oor die gebroke dek heen kyk hy na die geskutdek. Daar is Armand Roux en sy tweedosyn kanonniers koorsagtig besig om die vuurmonde in gereedheid te bring. Die olieklede is reeds van die kanonne verwyder en nou word kaste met kanonkoeëls, skroot en buskruit nadergebring.

Jaap kyk op na die bak. Daar staan die reuse bootman, Piet Hoorn met 'n vraende blik op sy gelaat. Piet het altyd lus vir 'n geveg. Vir hom is daar niks lekkerder nie as die reuk van kruitdamp, die flits van blinkgeslypte hartsvangers.

„Skerp om na stuurboord!" beveel Jaap. „Vaar reg van die wind!"

Teleurstelling val soos 'n swaar gordyn oor Piet Hoorn se gelaat. Die floue luggie waai uit die noordweste en hierdie bevel van die kaptein beteken dus dat die Annemarie gaan vlug!

Hoorn se luide stem bulder sy bevele uit:

„Vol bras! Halse in! Wakker daar!"



Soos 'n trop ape klouter die matrose teen mas en want op.

Die roerganger, Jan Spreeu, wag totdat die skoener op die kruin van 'n reusebranderry. Dan bring hy die stuurrad vinnig om. Soos 'n ballerina dit op een hakskeen sou doen, swaai die Annemarie om na haar nuwe koers. Sy daal neus eerste in die trog tussen die golwe af en, wanneer die windjie teen haar seile druk, sny haar skerp boeg teen die volgende brander op.

Nietig is die klein skippie op die magtige see, maar sy is so skerp gebou en so net getuig, dat sy, onder die vaste hand van Jan Spreeu, brander op en brander af soos 'n resiesperd galop. Byna vyf-en-veertig grade hang die boord na vore wanneer sy in die trog afdaal, om weer met dieselfde hoek die lug in te wys wanneer sy teen die volgende golf uitklim.

Jaap kyk weer op na die seerower. Hy frons wanneer hy sien dat die aanvaller besig is om hom in te haal. Selde het Jaap 'n skip gesien wat soveel seildoek dra. Benewens die gewone grootseile, marse, bramme en bobramme, het die roofskip ook 'n vlieënde bobram aan elke steng en lyseile aan elke ra.

Dit verklaar egter nog nie waarom sy vinniger as die Annemarie vaar nie. Die skoener is so smal gebou, dat sy onder enige groter skip uit behoort te seil.

Daar is net een verklaring. Hierdie deel van die Indiese Oseaan op die hoogte van Madagaskar, wemel van kragtige seestrome in alle rigtings. 'n Paar teenoorgestelde strome is besig om die drie skepe onverbiddelik nader aan mekaar te voer. En die luggie wat trek, is te flou om die Annemarie teen die strome in te drywe!

Jaap voel eerste stuurman Pohl se onrustige blik. Van die bekommerde gesig van die Duitser kyk hy vinnig na tweede stuurman John Simms. Hy betrap 'n byna triomfantlike blik in die oë van dié Engelsman.

„Hulle wen op ons!" klae die heer van Gaarswijck. „Waarom vaar ons nie sneller nie? Daar is immers beweer dat hierdie skoener die vinnigste skip op die sewe seë is!"

„Ons is in 'n draaikolk van seestrome gevang," verduidelik Pohl.

„Ons sal moet oorgee." Simms sê dit asof so iets hom uitstekend sal pas.

Jaap werp die Engelsman 'n vernietigende blik toe, maar voordat hy kan praat, roep mijnheer van Gaarswijck uit:

„Nee! Nee! Dan liewer veg tot die laaste druppel bloed!" Hy wys met 'n beskuldigende vinger na Simms. „Verraaier! Ek weet dat jy ons graag in die hande van jou landgenote sal sien! Waarom beloer jy en die Engelse aan boord my gedurig? Julle wil ons aan die Engelse seerowers uitlewer! Julle weet natuurlik wat ek ........"

„Asseblief, u Edele!" Hierdie keer uiter Jaap die woorde skerp soos pistoolskote.

Jaap hoef niks meer te sê nie. Die hoë amptenaar byt op sy onderlip en hy laat sy hoof hang. Byna het hy sy mond verby gepraat! Miskien weet die Engelse nog nie wat hy in die belt onder sy klere dra nie. Miskien is dit maar net liefde vir sy eie nasie wat Simms laat hoop dat hulle in die hande van die Engelse val.

„Stuurman Pohl," sê Jaap opeens. „Ons moét uit hierdie seestroom uit kom. Ons sal vóór die Engelse handelskip verby probeer vaar. Wend asseblief vyf merke na bakboord."

Die Duitser se kakebeen stoot uit. Hy weet dat die nuwe koers hulle onder die bekke van die Engelse skip se kanonne sal voer. Maar hy besef net soos die kaptein, dat daar geen ander uitweg is nie.



„Vyf merke na bakboord!" roep Pohl die bevel.

Van die bak af bulder Hoorn se stem: „Brasse en Halse uit! Lewendig, my mannetjies!"

Weer swerm die matrose die touwerk in. Die vaartuig wend seepglad, maar aangesien sy nou in die trog van die steeds stygende see vaar, slinger sy so wild dat almal aan boord na vashouplek moet gryp.

Armand Roux en twee van sy kanonniers klouter die baktrap op na die jaer-vooruit, een van die twee vier-en-twintig ponders aan boord. Benewens die twee groot kanonne, is daar vier twaalfponders en vier negeponders op die geskutdek, maar die artilleriekaptein weet dat die jaer-vooruit die eerste sal praat in die komende seeslag.

Die Engelse handelsvaarder lê nou minder as 'n halfmyl oor die bakboordboeg en die seerower is sowat 'n myl aan bakboord.

Jaap is reeds binne tref-afstand van die Engelsman, maar hy besluit om nie eerste te skiet nie. Daar is wél oorlog tussen Engeland en Nederland, maar alle eerlike skepe is veronderstel om teen seerowers te veg. Indien die Engelsman hierdie reël wil verbreek, dan wil Jaap nie die blaam hê dat hy hom daartoe gedwing het nie.

„Kyk daar, Kaptein!" roep Pohl uit. Hy wys na die seerower. Voor die boeg van die roofskip is daar 'n blou rookwolk. Haar jaer-vooruit is besig om na die Annemarie te skiet.

Vir 'n paar sekondes hou almal op die kampanje hul asems op. Dan sien hulle die watersuil waar die groot kanonkoeël neerslaan - 'n kabellengte kort.

Die Engelse handelskip wend stadig na bakboord. Haar

naam word sigbaar: „Peaceful". Watter ironie, dink Jaap. Die vreedsame skip maak gereed om na die klein Hollandse skippie te skiet!

Agte geskutspoort gaap aan die stuurboordhuid van die Peaceful.

„Nog vyf merke na bakboord, asseblief mijnheer Pohl," beveel Jaap.

„Vyf merke na bakboord!" herhaal Pohl.

Hierdie keer word die seile nie verstel nie. Slegs Spreeu draai die stuurrad en die Annemarie gehoorsaam oombliklik Wanneer die stuurboord-vollaag van die Peaceful losbrand, vertoon die skoener slegs haar smal boeg.

Agt rookwolke hang langs die Peaceful. 'n Paar koeëls val so dig by die Annemarie dat die water op die bak slaan. 'n Paar trek skadeloos langs die skoener verby.

„Jaer-vooruit, vuur!" beveel Jaap.

„Vuur!" herhaal Roux.

Die kanonnier druk sy brandende lontstok in die pan, maar die groot kanon draal 'n oomblik langer as verwag. 'n golf lig die boeg van die Annemarie en die koeël trek skadeloos bo-oor die Engelsman heen.

„Rig bakboord!" sê Jaap.

„Skerp na stuurboord!" beveel Pohl.

Spreeu draai die stuurrad. Die Annemarie swaai om na haar oorspronklike koers. Sodra die bakboordgeskut op die Engelsman gerig is, beveel Jaap:



„Bakboord, vuur!"

„Vuur!" roep Roux.

Die bakboordvollaag gaan byna gelyktydig af. Drie koeëls val kort, maar die vierde skeur tussen die bemanning van die Peaceful deur. Minstens vier Engelse is gedood of gewond.

Die Peaceful en die seerower is beide besig om te wend sodat hulle die skoener hul vollae kan gee.

„Skerp na stuurboord!"

Op daardie oomblik gee die windjie 'n paar plukke en gaan dan lê.

Die Annemarie gehoorsaam nie meer die stuur nie. Sy is nou oorgelaat aan die genade van die seestrome en aan dié van haar vyande!

## Hoofstuk 2

## DIE LYK

Geen luggie trek nie. Die berg-hoë branders speel met die drie skepe asof hulle droë blaartjies is. Die een skip na die ander word dan met 'n kurktrekkerswaai bo op die kruin van 'n golg geslinger, dan weer diep in 'n waterkloof gewerp.

Jaap, Pohl en Van Gaarswijck klou aan die hek vas. Hiervandaan kyk hulle hoedat dán die seerower dán die Engelsman agter die bare verdwyn om oomblikke later weer hoog op te skiet. En intussen dryf hulle self onverbiddellik nader aan hul vyande.

Al drie skepe het hul vuur gestaak. Jaap wil nie ammu-